

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal-Wes
3 Augustus 1975

Onderwerp: Tweede gebod

Lees: Jeremia 10 verse 1 tot 16

Teks: Exodus 20 verse 4 tot 6
Johannes 4 vers 24

Sing: Psalm 33 vers 2
Gesang 5 vers 1
Gesang 2 vers 1

“Dit gebeur soms dat ’n man en ’n meisie uit verskillende lande begin korrespondeer en dat daar deur die briefwisseling só ’n hegte vriendskap ontstaan dat hulle selfs bereid is om met mekaar te trou. Tog kom daar in elke afstandsverhouding ’n stadium waarin albei begeer om mekaar te sien. Dan word daar gewoonlik geen koste ontsien om mekaar te ontmoet nie.

“Dit is ook een of ander tyd die begeerte van elke gelowige, dat God ’n oomblik die sluier voor sy gelaat sal wegneem.

“Vir die mens van die twintigste eeu, wat besonder ingestel is op die sigbare, die uiterlike, word dit al hoe moeiliker om in die lug te glo. Ons wil met die hand betas. Ons wil weet. Ons wil bewyse hê. Ons sê: Sien is glo. Ons vra soos Filippus: ‘Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.’ (Joh 14:8)

“Dit is ’n algemene menslike versugting. Daarom is daar deur die jare duisende afgodsbeelde opgegrawe van volke wat sigbare afbeeldinge van hul gode gemaak het. Só algemeen was die gode van die ou volkere dat die Romeinse historikus, Tacitus, verstom was om geen enkele beeld in die Jode se tempels in Jerusalem te vind nie. Hy het uitgeroep: ‘Aanbid hulle dan die lug?’

“Broers en Susters, God het Israel juis wonderlik die woestyn in gelei waar alle uiterlike dinge ontbreek het. Hy het sy bruid Israel ingelei in ’n Godsdien wat bestaan het uit ’n erediens in die hart; en nie ’n aanbidding van beelde nie. Dit was asof Hy vir sy volk gesê het: Ek is nie ’n God van uiterlike dinge nie. Ek sien die hart aan en nie die uiterlike nie. Ek wil nie gedien word met offers en uiterlike gawes nie, maar met

gehoorsaamheid en met liefde. Ek wil hê dat julle my beeld sal weerkaats. Met ander woorde, dat dit nie gaan oor beelde ván My nie, maar dat julle My in julle harte op die pad sal saamneem.

“Die HERE God wil vir Israel en vir u en vir my sê: Hy is nie ’n God wat kan val en deur ons gestut moet word, soos Dagon nie. Hy is nie ’n God waaroor ons beskik en wat van ons afhanklik is nie. Nee! Hy is die Verhewene, die Heilige, die Verborgene. Dit is nie die mens wat oor Hom beskik nie, máár Hy oor die mens. Hy sal nie vir hulle ’n beeld wees nie, maar hulle sal sý beeld wees. Hulle sal Hom nie rondra op hulle feesdae nie, maar Hy sal hulle dra.

“As God dus in die eerste gebod sê Wie ons moet dien, sê Hy in die tweede gebod hoe ons Hom moet dien: ‘Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ’n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooe onderhou.’ (Ex 20:4-6)

“In hierdie gebod is dit nie net ’n kwessie dat ons God nie mag afbeeld nie, maar veral ’n saak dat ons God nie kán afbeeld nie. Wie kan God afbeeld? Wie is daartoe in staat? Wie het God ooit gesien? ‘By wie wil julle God dan vergelyk? Of watter gelykenis naas Hom stel?’ (Jes 40:18)

“Die uitnemendste kunstenaar kan sy instrumente maar neerlê, want ons kan God nie op ons skilderdoek vaslê, of op ons films verewig nie. ‘Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.’ (Ex 33:20)

“God is té groot, dat ons ’n beeld van Hom kan maak. Daarom is dit pragtig dat Israel, die dag toe hulle ’n tempel vir God gebou het, besef het dat hulle God nie kon omvat nie. Salomo het by die inwyding van die tempel gebid: ‘Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het.’ (1 Kon 8:27) Netso moet ons as gemeente ons kerkgebou beskou.

“En tog wat het hierdie volk by tye gesê? Die tempel is mos by ons, wat kan ons oorkom? Daar is maar ’n

geringe sprong nodig om God met 'n beeld gelyk te stel. Sien u hoe maklik God as 'n beeld voorgehou kan word?

“Al het ons as Protestante weggedoen met alle beelde in ons kerke, sit ons tog elkeen nog met 'n beeld van God, 'n selfgeskepte prentjie van God in ons binneste. En dit is nie minder gevaarlik as die gipsbeelde van die Rooms-Katolieke Kerk nie.

“Ons beelddiens is vandag net meer subtiel, maar in wese is dit dieselfde as heidene wat beelde van hulle gode nodig het om hulle teenwoordig te hê.

“Broers en Susters, hoeveel mense ervaar byvoorbeeld net op 'n sekere plek die teenwoordigheid van God? Dit is beelddiens! Hoeveel kan nie tot God bid en bewus word van sy krag as dit nie onder 'n sekere boom, of in 'n sekere vertrek, of sekere kerkgebou is nie? Hoeveel ondervind God se nabyheid slegs deur 'n sekere predikant? Dit is beelddiens. Sonder hierdie beelde bly God vir hierdie mense, net soos vir die heidene van ouds, afwesig.

“Daarom sê Jesus: ‘God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.’ (Joh 4:24) Dit wil sê God is nie net daar waar die tempel staan nie.

“Paulus noem Jesus die Beeld van God. Jesus is God se selfportret; en deur God se beeld, Jesus, is God vandag by ons teenwoordig. Noudat Jesus, die beeld van God, onder ons woon, het ons geen ander beeld nodig om God teenwoordig te kry nie. Want Jesus is Emmánuel - God is met ons.

“God word vandag aan ons bekendgestel, nie deur die beeld soos van die heiden nie, maar deur God se Woord. Ons ken God aan sy Woord. Gehoorsaamheid aan sy Woord is 'n voorwaarde wat voorop staan. Hier in die erediens en daar by die huisaltaar moet ek my gehoorsaamheid stel onder die tugtiging van God se Woord.

“Broers en Susters, God is nie verplig om teenwoordig te wees as ons sy Woord oopmaak nie. Dit bly 'n saak van geloof en gebed by elke geleentheid en erediens. God is nie verplig om elke Sondag tussen 10 en 11 in sy gemeente teenwoordig te wees nie.

“As ons aan die anderkant glo dat God net Sondae teenwoordig is, maak ons van die erediens 'n beeld, waarvolgens God die hele week nie by sy gemeente teenwoordig was nie.

“Waar vind ek God dan? Nie by al die beelde wat ons self geskep het nie. Ek vind God waar Hy my vind, waar dit ook al mag wees. Die Psalmis sê: ‘Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van

die see woon, ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou. (Ps 139: 9,10)

“En wil ek God sien?

“Ons kan God sien in die werk van God se hande; God se skepping; in die glimlag van ’n kindjie. Maar nêrens sien ons God duideliker as in die gelaat van Jesus Christus nie. Dáár leer ons God ken. Broers en Susters, daar is maar net een gelaat wat God so intens aan ons bekend stel. Dit is die gelaat van Jesus. Daarom sê Hy: ‘Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.’ (Joh 14:9)

“Wat God dus hier vir ons wil sê, is dat ons nie ’n prentjie van Jesus teen die kamermuur moet hang om Hom te vind nie. Jy hoef nie na Palestina te gaan of na die Passiespele in Oberammergau nie. God is teenwoordig waar die mens Hom soek: in die kerk, die huis en die veld.

“Jesus Christus het gesê: ‘Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.’ (Matt 18:20) As ons dus vra: Wat is ons geloof as Christene? Dan kan ons dit in groot letters uitdruk: JESUS.

“Daarom kan ons, ons geloof nie soos ’n diploma raam en ophang, of in ’n beeld uitkap nie. Ons geloof bestaan nie uit iets nie, maar in iemand. Jesus wat tegelykertyd God en mens is. Daarom kan Hy nie afgebeeld word nie. Enige afbeelding van Jesus doen afbreek aan sy heerlijkheid.

“Jesus Christus is ons beeld. En Paulus sê aan die Korinthiërs: ‘En terwyl ons ... die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.’ (2 Kor 3:18)

“God wil dus geen gesnede beelde hê nie, maar dat ons self sy beeld sal wees. Daartoe roep God elke mens. Daartoe beitel Hy daagliks aan elke Christen, sodat hulle meer en meer soos Jesus word, totdat hulle weer, soos in die Paradys, God se volle beelddraers sal wees.

“Amen.”